8.3 Betrokkenheid in 'n aktiwiteit strek oor die hele seisoen/duur wat die aktiwiteit plaasvind.
8.4 Bywoning van alle oefeninge is verpligtend. As 'n oefening sonder 'n geldige skriftelike verskoning van die leerder se ouers gemis word, mag dit tot gevolg hê dat die leerder die geleentheid ontneem word om aan een (1) inter-skole-ligawedstryd deel te neem.
8.5 Toepaslike sportuitrusting moet na oefeninge gedra word.
8.6 Die korrekte wedstryddrag en –toerusting sal gedurende interskole-ligawedstryde van toepassing wees.
8.7 Leerders wat na 'n wegwedstryd reis, sal dit in volledige skooldrag doen, behalwe as ander reëlings getref is.
8.8 Sportuitrustings moet in 'n paslike sportsak gedra word.
8.9 Leerders wat aan tuiswedstryde deelneem, mag in hul paslike sportdrag by die veld/baan/lokaal opdaag.

9. Akkommodering van Godsdienstige of Kulturele Regte

Ouers moet aansoek doen om af te wyk van die standaard skoolreëls as die reëls bots met, of inbraak maak op, die godsdienstige regte van die leerder. Die aansoek moet skriftelik wees en moet die spesifieke reël/s wat aanstootlik vir die leerder se godsdienstige regte is, soos in die Suid-Afrikaanse Konstitusie vervat, bevat.

Lys van moontlike dissiplinêre sanksies wat onderskeidelik vir Graad 1-,2-,3- en 4-oortredings toegepas sal word.

Elke geval sal op eie meriete geëvalueer en voorsien word van 'n geregverdigde sanksie vir daardie spesifieke oortreding.

Regstellende aksies/sanksies word deur die individuele onderwyser uitgevoer en kan die volgende insluit:

Graad 1-Oortredings	Voorgestelde Regstellende Sanksies
1. Akademies: Boeke/werkmateriaal wat by die huis gelos is; huiswerk – nie betyds gedoen nie/gekopieër. 2. Buitemuurse Aktiwiteite: Versuim om by oefeninge/ wedstryde op te daag (sonder 'n geldige verskoning aan onderwysers/afrigters). 3. Persoonlike gedrag in klaskamer/op speelgronde: Onvanpaste liefdesbetoning tussen leerders; laat opdaag vir 'n klas; weiering om saam te werk; onhoflike optrede/opstandigheid/woede uitbarstings; vuil taal; ontsiering van skoolbanke/mure/boeke/tasse met graffi-ti; eet/kou in die klas; rommelstrooiing; luiende selfone. 4. Kleredrag: Slordige/onversorgde voorkoms; afwyk van voorgeskrewe kleredrag.	• Mondelinge teregwysing • Strafpuntstelsel • Geskrewe straf • Detensie • Aftrek van punte (huiswerk) • Tydelike konfiskering tot die einde van die skoolkwartaal (bv. skooldrag, juwele, selfone, sakke en tasse) • Verwydering van graffiti van sakke en tasse ge-durende pouse • Geskrewe kennisgewing • Waarskuwingsbrief

Graad 2-Oortredings	Voorgestelde regstellende sanksies
1. Plagiaatpleging van enige werk of kullery of poging daar-toe. Kullery in klastoetse/opdragte.	Nul vir toets en waarskuwingsbrief en detensie.
2. Skade aan eiendom/ander leerders se besittings.	Herstel/vervanging, waarskuwingsbrief, detensie, dissiplinêre verhoor en moontlike uitsetting.
3. Tarting/verontagsaming van enige gesagsfiguur se opdragte.	Skorsing uit die klas, waarskuwingsbrief en detensie.
4. Detensie - versuim om op te daag.	Inhaal van gemisde detensie, waarskuwingsbrief en inligtingsverhoor.
5. Verontagsaming van toets-/ eksamenprosedures.	Waarskuwingsbrief, detensie en ontbied ouers.
6. Ontwrigting/ weiering om saam te werk.	Identifisering van die skuldige/s en regstellende maatreëls deur graadhoof gereël, dissiplinêre ver-hoor en moontlike uitsetting.
7. Ontwrigtende gedrag wat onderwys gee/ontvang verhoed.	Waarskuwingsbrief, detensie, dissiplinêre verhoor en moontlike uitsetting.